Laerskool Swartkop

H/v Viking & Campbellweg Valhalla 0185 Posbus 21025 Valhalla 0137
Tel 012-654-1181 Faks 086-560-1819
e-pos kantoor@laerskoolswartkop.co.za Besoek ons webwerf by www.swartkop.co.za

Grendelstaat
Nuusbrief 7
26 Junie 2020

Uit die Hoof se pen

'n Besondere woord van dank aan die onderwysers, bestuur en beheerliggaam wat ons skool se belange op die hart dra om van hierdie moeilike situasie die beste te maak.

"Be the change you want to see in the world." -Ghandi-

Infasering van alle grade (Gr RR – 6)

Ons kan met opgewondenheid sê dat ons gereed is om **alle leerders vanaf Gr RR tot 6 terug te verwelkom op Maandag, 6 Julie**. Die skool voldoen aan **al die nodige vereistes** om alle leerlinge **insluitend graad 4 en 5**, gelyktydig te laat terugkeer.

'n Inligtingsvideo gaan vandag vir elke graad gestuur word om leerders gerus te stel oor hoe die dag van terugkeer gaan verloop. Graad 4 en 5 se video sal op Maandag, 29 Junie gestuur word. Die video's sal op die ouerforumgroepe versprei word, sowel as op D6 en Facebook.

Skoolbywoning op Alternatiewe Skooldae

Die Skoolbestuur en Beheerliggaam het besluit dat die metode van Alternatiewe Skooldae die beste vir ons skool sal werk om sosiale afstand en die beperking van 50% toegelate leerders per keer op die skoolterrein te bewerkstellig. Hierdie metode geld vir **alle grade van graad RR – 7** en begin op 6 Julie wanneer die ander grade infaseer.

Indeling behels die volgende:

- Alle grade van Gr RR - 7 word alfabeties in twee groepe verdeel.
- **Groep A** – Leerders met vanne vanaf **A-L**
- **Groep B** – Leerders met vanne vanaf **M-Z**

Uiteensetting hoe groepe mekaar gaan afwissel met 'n 6-dag rooster vir die Gr 4-7's:
Groep A begin op Maandag, 6 Julie en Groep B op Dinsdag, 7 Julie 2020

Week 1	**Maandag 6 Julie**	**Groep A**	Oriëntering vir Covid-19
	Dinsdag	Groep B	
	Woensdag	**Groep A**	Dag 1
	Donderdag	Groep B	
	Vrydag	**Groep A**	Dag 2
Week 2	Maandag 13 Julie	Groep B	
	Dinsdag	**Groep A**	Dag 3
	Woensdag	Groep B	
	Donderdag	**Groep A**	Dag 4
	Vrydag	Groep B	
Week 3	**Maandag 20 Julie**	**Groep A**	Dag 5
	Dinsdag	Groep B	
	Woensdag	**Groep A**	Dag 6
	Donderdag	Groep B	

'n Volledige dokument is vir elke graad op d6 gelaai waarin al die nodige reëlings vervat word.

Skooltye vir die res van die jaar:

Gr RR-2: Maandag tot Vrydag 7:30 – 13:00 (Wagklas is beskikbaar tot 13:45).
Gr 3-7: Maandag tot Vrydag 7:30 – 13:45
Skool sluit NIE meer op Vrydae om 13:00 nie a.g.v. die alternatiewe dae.

Afhaal van Werkspakkies en Handboeke

Maandag 29 Junie sal die laaste geleentheid wees vir ouers op pakkies te kom afhaal in die volgende tydgleuwe van **9:00 tot 11:00** en **16:00 tot 17:00**.

Naskool

Vanaf Maandag, 6 Julie sal die naskoolsentrum, Swarrie Karnallies, oop wees vir alle ingeskrewe naskoolleerders. Hierdie diens word gebied met normale naskooltye. Heffings sal direk met elke ouer gekommunikeer word. Vir enige navrae, kontak Mnr. Korf of Me. Geerlings per e-pos.

Neem asb kennis: Die naskool is slegs oop vir die ingeskrewe leerders op die dae wat hulle die skool mag bywoon (in Groep A of B).

Nuwe Skoolkwartale

Die Departement van Onderwys het die volgende skoolkalender in die Staatskoerant gepubliseer:

Kwartaal	Tydsduur	Aantal weke	Aantal dae	Publieke vakansiedae	Aantal skooldae
1	(13) 15 Januarie – 18 Maart	10	48(46)	0	(48)46
2	8 Junie – 7 Augustus	9	45	1	44
3	12 Augustus – 23 September	7	31	0	31
4	5 Oktober – 15 Desember	11	52	0	52
	Totaal	**37**	**174**	**1**	**173**

Let asseblief op die volgende BELANGRIKE punte:

- Laerskool Swartkop gaan by die vakansies hou soos hierbo uiteengesit.
- Ons beskou Kwartaal 2 se werk as afgehandel teen Vrydag, 3 Julie met MS Teams of werkspakkies.
- Ons het nou nuwe inligting vanaf Departement in verband met assessering en eksamens ontvang. Leerders sal tydens klastyd hierdie assesserings voltooi en moet asb. by die skool wees.
- Leerders met onderliggende siektetoestande soos aan Me. Geerlings deurgegee, en wat toestemming ontvang het, sal alternatiewe reëlings ontvang vanaf Me. Geerlings (Gr 4-7) en Me. Du Toit (Gr RR-3).
-

Hieronder is 'n uiteensetting hoe ons skool die akademiese werk gaan indeel:

Kwartaal	Akademiese werk word binne hierdie datums afgehandel	Aantal weke	Aantal dae	Publieke vakansiedae	Aantal skooldae
1	**(13) 15 Januarie – 18 Maart**	10	48(46)	0	(48)46
2	**4 Mei – 3 Julie**	10	50	1	49
3	**6 Julie – 23 September**	12	60	4	56
4	**5 Oktober – 15 Desember**	11	52	0	52

Publieke vakansiedae waarop die skool gesluit sal wees:

9 Augustus 2020	Nasionale Vrouedag
10 Augustus 2020	Publieke vakansiedag
24 September 2020	Erfenisdag
16 Desember 2020 (Skole sluit 15 Desember)	Versoeningsdag

Graad RR - 6 Registerklas kontaktyd

Daar gaan volgende week 'n laaste keer kontaktyd met elke register-personeellid en hul registerklas op MS Teams wees. Die tye verloop as volg en ons doen 'n beroep dat u kind dit sal bywoon. Daar sal weer 'n *link* vir die betrokke sessie na u **kind se skool e-posadres** uitgestuur word wat dan deur MS Teams se "*meet*" funksie toegang tot die klas bied. Ons is bewus daarvan dat nie alle leerders kan inskakel in die spesifieke tydgleuf nie. Indien dit die geval is, hoef u nie bekommerd te wees nie, want dit is slegs 'n kuier-sessie.

Graad	Dag	Tyd
Gr RR en R	Maandag	09:00
Gr 1	Maandag	09:30
Gr 2	Dinsdag	09:00
Gr 3	Dinsdag	09:30
Gr 4	Woensdag	09:00
Gr 5	Woensdag	09:30
Gr 6	Woensdag	10:00

Kinders met komorbiditeite

Stuur 'n e-pos aan Me. E Geerlings (elria.geerlings@laerskoolswartkop.co.za) met die volgende inligting:

- 'n Mediese sertifikaat waarin die onderliggende toestand gemeld word.
- Dit kan insluit: asma, tuberkulose, respiratoriese siektes en diabetes.
- Daarna sal Me. Geerlings 'n departementele gesondheidsvraelys aan u e-pos wat ingevul en teruggestuur moet word.
- Leerders wat mediese kondisies het, sal nie afwesig gemerk word nie, maar hul moet op Swarrie Swot Skool (Teams) inskakel om die werk te doen. Personeel sal hul aktiwiteite monitor.
- Ons het riglyne van die Departement i.v.m. assessering en eksamens ontvang. Leerders met onderliggende siektetoestande soos aan Me. Geerlings deurgegee, en wat toestemming ontvang het, sal alternatiewe reëlings ontvang vanaf Me. Geerlings (Gr 4-7) en Me. Du Toit(Gr RR-3).
- **Afsnydatum vir hierdie aansoeke sluit Woensdag 1 Julie om 14:00.**

Aanlynregistrasies vir graad 1 vir 2021

'n Brief met die nodige inligting en stappe wat gevolg moet word is reeds aan ouers op d6 en klasgroepe gestuur. Indien u enige navrae het, kontak gerus vir Me. Esther Cronje (esther.cronje@laerskoolswartkop.co.za) of Me. Mathilda Bäcker (inskrywings@laerskoolswartkop.co.za) of skakel 012 654 1181.

Opedag - Swarrie Inry 17 Julie 2020

Ster Kinekor is nog gesluit, restaurante is taboe... '*social distancing*' het '*social distressing*' geword en ons opedag is ingesluk deur die inperking, maar moenie bekommer nie, 'n Swarrie maak 'n plan!

Voornemende graad RR - 1 ouers, as julle smag na 'n aandjie uit saam met die gesin en steeds wonder wat ons skool alles bied, dan is ons unieke opedag, die Swarrie Inry, net die geleentheid waarvoor julle gewag het. Dit vind plaas op die skool se rugbyveld op **Vrydag, 17 Julie 2020** in ware Inry-styl in die veiligheid van u eie motor. Ons sal steeds by die voorgeskrewe Covid-veiligheidsmaatreëls moet hou. Onthou dus asb. almal se maskers!

Om veilige afstand en genoeg parkering te bewerkstellig, beplan ons twee sessies. Die eerste sessie is 17:30 vir 18:00 vir ons voornemende Gr RR & R maatjies van 2021 en die tweede sessie is 19:00 vir 19:30 vir ons Gr 1 maatjies van 2021. Ons "kelners" (*aka* Die Swarrie-personeel) gaan gratis worsbroodjies (mmm... ons ruik al die braaivleisvuur) en springmielies bedien en elke nuwe maatjie ontvang 'n verrassingspakkie. Die filmvertoning is 'n aanbieding oor ons skool en daar gaan ook "glow sticks" uitgedeel word vir elke kleuter. Kom ondersteun ons asseblief en nooi ook u vriende, bure en familie uit om te kyk wat Laerskool Swartkop alles bied.

Swarrie Engele – Kruideniersware projek

'n Paar van ons gesinne word reeds sedert die begin van die inperking van kospakkies voorsien. Ons is egter afhanklik van skenkings en wil graag elke Maandag tussen 9:00 en 11:00 en weer van 16:00 en 17:00 (dieselfde tydgleuf as afhaal van werkspakkies) vir ouers geleentheid gee om skenkings van kruideniersware by die skool te kom aflaai. Leerders kan items saambring skool toe wanneer hul terugkeer. Ons sal 'n houer voorsien waarin items geplaas kan word en dit is deel van die Swarrie Engele Projek van die skool. Baie dankie vir u oop hand en hart. Kontak vir Me. Esther Cronjé indien u betrokke wil raak (esther.cronje@laerskoolswartkop.co.za) Voorstelle vir skenkings soos volg maar enige ander items sal ook baie waardeer word:

Gr RR/R: mieliemeel, koekmeel of blikkies tamatie- en uie sous
Gr 1: pasta of wortels
Gr 2: rys of soppoeier
Gr 3: Blikkies vleis of lemoene
Gr 4: Blikkies groente of ontbytpap
Gr 5: Koffie/tee of aartappels
Gr 6: Langlewe melk of suiker
Gr 7: Toiletpapier / badseep of uie

Skoolklerewinkel

Die skoolklerewinkel sal steeds nie soos normaal funksioneer nie omdat besoekers nie op die skoolterrein toegelaat word nie. Indien u wel klere wil aankoop, kan u vir Me. Hanlie Beukes (083 456 7644) kontak en 'n afspraak met haar maak.

Individuele Foto's

Ons is bewus daarvan dat daar foute ingeglip het met die individuele skoolfoto's. Sommige leerders het verkeerde foto's ontvang terwyl ander wat wel bestel het, niks ontvang het nie. Alle leerders met foutiewe bestellings sal van 6-10 Julie geleentheid hê om foute deur middel van 'n verduidelikende brief aan te meld by hul voogonderwyser. Stuur asb die foutiewe foto's saam terug. Moet asseblief nie op hierdie stadium vir Prestige kontak nie.

Snoepiebestellings

Die Kospot-snoepie is oop vir etes. Ons versoek asseblief dat ouers hul kinders se etes **vooraf elektronies bestel** sodat aankope daarvolgens gedoen kan word. Gebruik asseblief die skakel vir bestellings:
https://docs.google.com/forms/d/1eOaptHwOT6QbCE43KBDCfMGHWN_z0WmhhcuBFthWJ9s/viewform?edit_requested=true

Groete - tot ons mekaar weer ontmoet

M VAN DER MERWE
SKOOLHOOF